Top Afrikaanse sangers by AfriForum Musiekfees

Top Afrikaanse sangers soos Lianie May, Steve Hofmeyr, Kurt Darren, Jay, Elizma Theron, Sorina (Flooze van 7de Laan), Armand Hofmeyr en 21 ander bekende sangers het op Saterdag, 12 November 2011 van 07h00 tot 15h00 by die Voortrekkermonument in Pretoria hul steun vir die behoud van Pretoria se naam gewys deur op te tree by 'n Afrikaanse musiekfees wat AfriForum ter viering van Pretoria se 156ste verjaarsdag aangebied het.

AfriForum het ook op dié dag 'n veldtog van stapel gestuur om fondse en steun vir die Voortrekkermonument te werf nadat die staat vanjaar die subsidie van die Monument met sowat R900 000 gesny het.

Verlede jaar se fees, ter viering van Pretoria se 155ste verjaarsdag, is deur sowat 30 000 mense bygewoon... en hierdie jaar was daar nóg meer mense ten spyte van die amper 40°C.

Volgens Kallie Kriel, uitvoerende hoof van AfriForum, was geen toegangsfooie gevra nie om aan so veel as moontlik mense en veral gesinne die geleentheid te bied om hul steun vir Pretoria se naam te wys.

Die volgende kunstenaars het by die musiekfees opgetree: Steve Hofmeyr, Lianie May, Kurt Darren, Jay, Elizma Theron, Sorina, Armand Hofmeyr, Vaughan Gardiner, Adam Tas, Willem Botha, Fredi Nest, Pieter Koen, Adam, Gerrie Pretorius, Dewald Wasserfall, DJ Ossewa, Pieter Smith, Mel Botes, Ghapi, Beeskraal, MD Greyling, Andries-Hendrik Potgieter, Saarkie, Jennifer Zamudio, Zandré, die SA talent-wenner en die Neels Ackerman asook Albert Wentzel boere-orkeste.

Vir enige navrae kan AfriForum by 086 10 200 30 gekontak word. Inligting oor die musiekfees is ook op die webwerf by www.afriforum.co.za beskikbaar.

Elizma Theron

Armand Hofmeyr en sy pa, Steve Hofmeyr

Enzo arriveer by die Voortrekkermonument

Rustenburg – Met voertuig begeleiding verskaf deur Kia Rustenburg arriveer Enzo vanaf Rustenburg via Brits op sy 6000 km gesondheidsreis deur Suid Afrika by die AfriForum Afrikaanse Musiekfees te Pretoria.

Enzo van Vuuren het 'n LANG pad aangedurf en het nog 'n paar kilometers wat op die klok moet kom, alles met die doel om Omega Herbal 48 – 'n produk wat menigte siektes kan herstel en/of elimineer – te promoveer...

En dit alles op twee wiele, BAIE water en sakke vol deursettingsvermoë. Sy reis word selfs deur satelliet gemonitor deur 'n GPS te installeer op sy bergfiets....

Na 'n harde dag van "fiets trap" ontmoet Enzo menigte kunstenaars by die AfriForum Afrikaanse Musiekfees insluitende Steve Hofmeyr, Kurt Darren, Lianie May, Jay, Elizma Theron, Pieter Koen, Flooze (Sorina), Armand Hofmeyr, Gerrie Pretorius, Adam Tas, Vaughan Gardiner, Willem Botha, DJ Ossewa, Dewald Wasserfall, Beeskraal, Ghapi, MD Greyling, Pieter Smith, Adam, Fredi Nest asook Mel Botes. Hierdie fees was 'n reuse sukses met ongeveer 30 000 liefhebbers wat liefde vir Afrikaanse musiek deel.

Enzo het selfs die 'Flooze' van 7 de laan oortuig om by sy fiets te staan vir 'n foto... Sy hou mos van 'n man met spiere!

Intussen vertrek Enzo verder na Randburg om 'n reeks Dis-Chem winkels en Nedbank takke te besoek. Hy het alreeds 21 Dis-Chem en 33 Nedbank- takke besoek.

'n Woord vir die lesers van Enzo, "Onthou altyd dat jou bottel water 'n Ph so na as moontlik as 7.4 moet bevat. Gifstowwe versuur die liggaam en daarom is dit uiters belangrik om te let op wat ons inneem. Verder mag meeste plastiek bottels slegs 1 keer gebruik word, en is 'gif' indien dit herhaaldelik gebruik word. Dit is ook nie gesond om water in plastiek bottels te vries of verhit nie. Dit is hier waar Omega Herbal 48 jou gesond en optimaal gesond hou!"

Hy beklemtoon ook sy dank, "Dankie aan my akkommodasie borge Bosveld Paradys, Out-of-Africa asook Mount a Manzi. Dankie ook aan al my ondersteuners – sonder julle sal hierdie nie moontlik gewees het nie."

Enzo se reis kan gevolg word op www.healtheworld-projects.yolasite.com.

Musiek Pret met Pieter Naude

Waar? Orange Grove Restaurant (R24/ Ou Johannesburg Pad)
Datum? 25 November 2011
Tyd? 19h00
Kaartjies? R80 pp
Info? Madeleine 084 200 0414 / Sonne 083 276 0973

Kadet Kamp aangebeid deur Rustenburg Kommando

Datum: 9 Desember 2011 – 18 Desember 2011

Hierdie kamp word aangebied vir Afrikaner Boere seuns en dogters ouderdom 16 – 33.
Tydens die opleiding sal onder andere die volgende vakke behandel word: **drilwerk, dissipline, spangees, opdraggewing, roetemars, makkerhulp, kommunikasie & sein, skarebeheer, selfverdediging, patrollies, kamoeflering, hindernisse, navigasie, uithouvermoë, nagaanvalle met "paintball gewere" ens.**

Versamel Punt (RV) Rustenburg Afrikaanse Protestantse Kerk op die hoek van Leyd str. en Boven str. Datum: 09\12\2011 Tyd:14:00 (Trok vertrek stiptelik om 15:00

Kamp Kostes: R 950
Registrasie sluit: 5 Desember 2011
Kry jou kamp aansoekvorm vir die kamp op die web werf: **www.kommandokorps.org**

Kontak vir meer inligting: Kapt. Van Staden: 082 923 9591; Kornet Grobler: 082 857 6624; KO Grundling: 082 829 0971, Rustenburg Kommando Vergadering 30 November 2011 te Olimpia Stadion